higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STAATSBESTUUR
NKR VLAK 3

4 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 (a) wetgewende
(b) uitvoerende
(c) geregtelike (3)

1.2 (a) 85(1)
(b) gesag
(c) president (3)

1.3 (a) Nasionale Vergadering
(b) die Nasionale Raad van Provinsies (2)

1.4 (a) provinsiale
(b) plaaslike (2)
[10]

VRAAG 2

2.1 Onwaar
2.2 Waar
2.3 Waar
2.4 Waar
2.5 Waar
2.6 Onwaar
2.7 Onwaar
2.8 Onwaar
2.9 Waar
2.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 E
3.2 H
3.3 F
3.4 A
3.5 I
3.6 D
3.7 G
3.8 J
3.9 C
3.10 B

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 **Nota aan die nasiener: Enige VYF van die volgende:**

- Dit kan omskryf word dat dit alle openbare instansies wat betrokke is by die regulering van die welstand van mense, insluit.✓ Staatsbestuur is die owerheid✓ wat insluit:
- Die wetgewende gesag✓ wat bestaan uit die Nasionale Vergadering✓ en die Nasionale Raad van Provinsies.✓
- Die Uitvoerende Raad/Komitee,✓ wat die daaglikse gesag is✓ en die bestuursfunksies uitvoer.✓ Dit bestaan uit die uitvoerende instansies, met ander woorde die staatsdepartemente✓ en niedepartementele instansies.✓ (5)

4.2
- Die Nasionale Vergadering✓ kan die president verwyder deur ’n besluit✓ wat geneem is met ’n ondersteunende stem✓ van minstens twee derdes van sy lede.✓ Dit kan slegs gedoen word op grond van die volgende:
- ’n Ernstige oortreding van die grondwet✓ of die wet✓
- Ernstige wanbestuur✓
- Die onvermoë om die funksies te verrig✓
- Enigiemand wat as president verwyder is, mag geen voordele kry nie✓ en mag nie in die diens van enige openbare kantoor wees nie✓ (10)

4.3 Die Uitvoerende Raad bestaan uit:
- Die eerste minister✓ as hoof van die Raad✓
- Niks minder nie as vyf✓ lede, nie meer nie as 10✓ lede wat aangestel is uit die lede van die provinsiale wetgewer✓ (5)

[20]

VRAAG 5

5.1 Item 6 van skedule 6A✓ van die grondwet gaan oor ’n vlakoorgang- ('floor-crossing') tydperk.✓ Tydens hierdie tydperk kan lede van die Nasionale Vergadering✓ van politieke partye verander✓ sonder om hul setels in die Nasionale Vergadering te verloor.✓ In September van die tweede en vierde jaar ná die algemene verkiesing,✓ het lede ’n tydperk van 15 dae waartydens hulle van politieke partye kan verander.✓ (7)

Kopiereg voorbehou

5.2 Telkom

- In die 1990's het Telkom met Vodaphone 'n vennootskap aangegaan✓ en Suid-Afrika se eerste selfoonbedrywighede bekend gestel.✓
- Teen 2018 het Telkom kompetisie gehad van die tweede vastenetwerkoperateur, Neotel, asook drie selfoonoperateurs (Vodacom, MTN en Cell C).✓
- Telkom is 'n draadlyn- en draadlose telekommunikasieverskaffer in Suid-Afrika.✓
- Dit doen sake in meer as 38 lande in Afrika en gebruik koperlusse, mikrogolf-, optiesevesellusse en draadlose verbindings.✓

Transnet

- Transnet speel 'n baie belangrike rol in alledaagse lewe,✓ die nasionale ekonomie✓ en ekonomieë van vele ander Afrika-state✓ wat die netwerke en hawens✓ in Suid-Afrika gebruik om hul invoere en uitvoere te verplaas.✓

(5 × 2) (10)

5.3 Dit is 'n lid van die gemeenskap✓ wat 'n getuie in 'n misdaad was of weet van 'n misdaad wat gepleeg word,✓ en verskaf hierdie inligting aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens.✓ (3)

[20]

VRAAG 6

Nota aan die nasiener: Enige TIEN van die volgende:

Konings en koninginne✓

- Koningskap of koninginskap verwys na die posisie wat deur 'n koning of koningin beklee word.✓
- 'n Koning of koningin is 'n senior tradisionele leier✓ onder wie se gesag of regsgebied gesag uitgeoefen word✓ in ooreenstemming met gewoontereg.✓

Hoof- tradisionele leierskap✓

- Hoof- tradisionele leierskap is van toepassing wanneer 'n tradisionele leier gesag of 'n regsgebied het✓ waaronder senior tradisionele leiers gesag uitoefen in ooreenstemming met gewoontereg.✓

Senior tradisionele leiers✓

- 'n Senior tradisionele leier van 'n spesifieke tradisionele gemeenskap wat gesag oor 'n aantal hoofmanne en hoofvroue uitoefen in ooreenstemming met gewoontereg✓ of in wie se regsgebied 'n aantal hoofmanne of hoofvroue gesag uitoefen.✓

Hoofmanne en hoofvroue✓

- Artikel 11 van die Tradisionele Leierskap en Staatsbestuurraamwerk-wysigingswet, Wet 23 van 2009, bepaal dat wanneer ’n pos van ’n senior tradisionele leier, hoofman of hoofvrou gevul moet word, die betrokke koninklike familie✓ ’n persoon moet identifiseer wat ingevolge die gewoontereg kwalifiseer om die pos te beklee.✓

Die eerste minister van die betrokke provinsie word van die besonderhede van die geïdentifiseerde persoon en die redes vir die identifisering van die persoon, in kennis gestel.✓ Die eerste minister moet dan die geïdentifiseerde persoon as ’n tradisionele leier, hoofman of hoofvrou erken.✓ **[10]**

TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING C

VRAAG 7

Nota aan die nasiener: EEN punt vir elke departement wat genoem word en DRIE punte vir elk van die besprekings. Nie meer as TWINTIG punte altesaam nie. Leerders kan hul eie woorde gebruik om hul begrip van feite weer te gee.

a) Departement van Maatskaplike Ontwikkeling✓
   - Dink oor onvoldoende behuising in stedelike gebiede. Dit lei tot die kaping van geboue en die vestiging van informele nedersettings en die misdade wat uit hierdie gebiede beplan en uitgevoer word. Dit is nie net ’n kwessie van misdaad nie, maar ook behuising.✓
   - Die Minister van Behuising het ook die verantwoordelikheid om die probleem op te los. Die polisie kan niks omtrent die behuisingsdilemma doen nie.✓
   - Hulle kan egter ’n gesonde verhouding met die Minister van Behuising kweek deur aan hulle inligting te verskaf oor hoe om hul werk makliker te maak en wat die probleem met tyd kan oplos.✓

b) Departement van Justisie✓
   - Die Minister van Justisie is verantwoordelik om toe te sien dat die Departement van Justisie (Suid-Afrikaanse howe) optimaal funksioneer. Ons lees daagliks van die oorvol sakelyste en die onbekwaamheid om verdagte kriminele doeltreffend te verhoor.✓
   - Die SAPD kan dus alles doen wat hulle kan om misdade te ondersoek en die beskuldigde verdagtes voor die hof te bring, maar as die howe ondoeltreffend is, sal die kriminele vrygelaat word en die volgende dag weer op straat wees.✓
   - Soms beskuldig die hofbeamptes die polisie van swak ondersoekwerk en gooi dan die sake uit die hof as gevolg van onvoldoende bewyse.✓
   - Soms word verdagte kriminele selfs vrygelaat omdat die saakdossiere nie by die hof is nie.✓
   - Noue skakeling en samewerking tussen die polisie en staatsaanklaers is dus belangrik as die Departement van Justisie optimaal wil optree in die stryd teen misdaad.✓

Kopiereg voorbehou

c) Departement van Korrektiewe Dienste (DKD)✓
- Die Departement van Korrektiewe Dienste is een van die departemente wat deel van die strafregstelsel vorm. Nadat ’n oortreder in die hof skuldig bevind is en gevonnis is, word hulle tronk toe gestuur om hul vonnis uit te dien.✓
- Die DKD is die staatsdepartement wat verantwoordelik is daarvoor om oortreders in veilige aanhouding te hou, hulle te rehabiliteer, hulle op te lei, hulle weer in die samelewing te integreer en seker te maak hulle pleeg nie weer misdaad wanneer hulle vrygelaat word nie.✓

- Die doeltreffendheid waarmee die DKD sy pligte uitvoer, sal uiteindelik bepaal of ’n veroordeelde krimineel gerehabiliteer en weer in die samelewing geïntegreer sal word en of hulle weer na misdadigheid sal terugval.✓
- Doeltreffende tyd in die tronk sal dus óf ’n krimineel afskrik en hulle verhoed om weer misdaad te pleeg, óf dit kan dien as ’n opleidingskool vir nuwe, beter maniere en metodes om misdaad te pleeg sonder om gevang te word.✓
- Doeltreffende samewerking en kommunikasie tussen die SAPD en die DKD is dus uiters belangrik.✓

d) Metropolitaanse/Munisipale polisiedienste en plaaslike wetstoepassing✓
- Sommige metropolitaanse (kategorie A) munisipaliteite het ’n metropolitaanse polisiediens.✓ Plaaslike munisipaliteite (kategorie B) kan slegs die funksies soos in die wetgewing vir plaaslike munisipaliteite uiteengesit is, uitvoer.✓ Hulle kan volgens die grondwet ’n munisipale polisiediens hê, maar dit word nie tans toegepas nie.✓
- Om verordenings af te dwing en ’n veilige en gesonde omgewing te skep, skep hierdie munisipaliteite wetstoepassings- en plaaslike verkeersdepartemente.✓ Munisipale wetstoepassingsbeamptes funksioneer as polisiebeamptes, soos deur die Wet op Kriminele Prosedures bepaal.✓

e) Die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW)✓
- Sedert dit in 1996 deur die president gemagtig is, het die SANW in hoofsaaklik drie gebiede met die SAPD saamgewerk.✓
- Grensbeheer deur maatskappye wat teen die Zimbabwe-, Mosambiek-, Swaziland- en Lesotho-grense ontplooi is.✓
- Landelike beskerming.✓
- Bekamping van ernstige misdaad,✓ naamlik
  i. Stedelike terrorisme
  ii. Stabilisering van areas waar geweld ’n endemie is
  iii. Die beveiliging van groot geleenthede
- Lugvaartuie en skepe word gebruik waar en wanneer nodig om die SAPD by te staan.✓

f) Besigheid Teen Misdaad ('BAC')✓
- Die vennootskap met die staat groei steeds in sy aanvaarding, invloed en internasionale erkenning as ’n unieke, doeltreffende benadering om misdaadbekampingstrategieë aan te spreek. Hierdie OSW bestuur verskeie projekte om die SAPD te help om misdaad te bekamp.✓

g) Geïntegreerde Regstelsel ('IJS')✓
- Die doel van die 'IJS' is die transformasie van die huidige regstelsel in ’n moderne, doeltreffende, effektiewe en geïntegreerde proses. Op hierdie manier kan die regstelsel vinnige regverdigheid lewer deur verbeterde besigheidsprosesse wat deur ’n moderne tegnologie-infrastruktuur in alle strafregprogramme ondersteun word.✓
- Die program sal verseker dat:
- Kriminele doeltreffend deur die proses van ondersoek, vervolging en gevangenskap bestuur word.✓
- Staatshulpbronne optimaal benut word en doeltreffend is.✓ **[20]**

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou